Geagte Voornemende Kampeerder en Ouer 2020 - 01- 19

Hoëveld Penkop- en Drawwertjiekamp vier hierdie jaar **ons 40ste jaar Feeskamp** gedurende die Maart / April vakansie. Hiermee nooi ons graag u kommando uit om ons kamp van Die Voortrekkers Transvaal, by te woon. Hoëveld P/D kamp wil elke lid waarsku, pak solank jou tas, daar wag groot opwinding!!!!

Hoofbestuur Tema: Ons Glo
Gebied: Ons Glo in ons Roeping
Hoëveld: PD Hoëveld Glo en Dien God Drie-Enig

Datum: Saterdag 21 Maart 2020 om 08h00 tot Woensdag 25 Maart 2020 om 12:00
Plek: Voortrekkerterrein Hartbeesfontein sowat 50 km Noord vanaf Pretoria
Kursusse: Slegs 1 Spesialisasie per kind op die kamp.
Ete: Kos vir ontbyt - eerste ete is eers na 12:00 Saterdag 21 Maart 2020

	Spesialisasies	**Spesialisasies**	**Spesialisasies**
Gr 1	Spele	(Slegs kinders van volwassenes wat kamp)	
Gr 2	Veldkook	(Slegs kinders van volwassenes wat kamp)	
Gr 3	Handwerk	Spoorkennis	
Gr 4	Vasbyt (Fiksheid) Skibroeke is 'n vereiste. Offisiere moet kinders evalueer - nie alle kinders is in staat om die Spesialisasie te voltooi nie.	Plantekennis	Noodhulp
Gr 5	Weerkennis	Touwerk	
Gr 6	Spoorsny	Kommunikasie	Sterrekunde
Gr 7	Medemens	Veldbewustheid	
Volw	Volwasse Intreekursus		

Kampgelde:

Kursusgangers (Penkoppe en Drawwertjies, Gr 1-7) (Gr 1 & 2 moet deur ouers vergesel wees)	R730.00
Volwasse Intreekursus	R730.00
Kombuisspan (eerste 12 word aanvaar) (Geen persone in kombuis met kinders kleiner as gr 3 nie)	R 0.00 (gratis)
Volwassenes (alle volwassenes doen diens)	R630.00
Verkenners	R630.00
(Verkenners wat bereid is om spesiale diens te doen by kleuters of spesiale opdragte mag inskryf, geen diens by kursusse of in die kombuis is toelaatbaar nie)	
Kleuters 3 jaar en ouer	R630.00

SNOEPIE: Geen snoepie op kamp - gelde sluit snoepie en eetgoed in vir elke dag.
Sluitingsdatum: Vrydag 6 Maart 2020. **Opsommings en vorms** by Lelanie of Gebied (Alle inbetaling vir lede moet by hul kommando gemaak word)

T-Hemde: **Feesjaar T-hemde** (Oranje) is ingesluit by kampgelde vir alle kinders en Volwassenes. Beter kwaliteit geborduurde Golf hemde (Maroen en wit) in mans en dames groottes kan ook slegs deur volwassenes bestel word. Hoëveld Baadjies is ook beskikbaar op bestelling vir volwassenes. Vorms moet volledig voltooi word. Laat inskrywings se T-hemde kan nie gewaarborg word om betyds vir die kamp te wees nie.

Kampbywoning: Indien 'n kind laat kom of die kamp vroeg verlaat sal hy/sy nie in aanmerking kom vir die spesialisasie / GGA nie.

Volwassenes: Alle ingeskrewe volwassenes moet 'n plaasvervanger stuur as die kamp nie meer bygewoon kan word nie, of vir gedeeltes van die tydperk wat die betrokke persoon nie beskikbaar is nie.
Kampbenodighede: n Lys van alle benodigdhede, sowel as kursusbenodigdhede sal die kursus bevestingsbrief vergesel. Dit sal ook op die web beskikbaar wees.
Vir meer besonderhede skakel u kommandoleier of sekretaresse. Indien u nie regkom nie, is u welkom om die persone by onderstaande nommers te skakel.
Ons vertrou dat ons op u samewerking kan staatmaak om van hierdie kamp 'n groot sukses te maak

Voortrekkergroete

Philip de Kock
Kampleier
Sel : 082 657 3300
E-pos : pwdk@absamail.co.za

Lelanie van Wyk
Kampsekretaresse
Sel: 084 986 4236
E-pos : coecks@gmail.com